Die Maand Wat Was

Julie 2013 Sakegesprek Beleggings Nuusbrief

Bateklasprestasie (per jaar) tot einde Junie 2013



Bron: Credit Suisse



Bron: PlexCrown/I-Net Bridge

Die primêre bepaler van beleggingsprestasie is die blootstelling en gewigte in verskillende bateklasse. Die afgelope 12 maande, 5 jaar en 10 jaar was goeie periodes vir die groter bateklasse, dit selfs teen die agtergrond van negatiewe nuusvloei – al die bateklasse het nie alleen by inflasie bygehou nie, maar inlyn met die langtermyn tendense (1900 tot 2011) presteer.

Waarde van R10,000 belê oor verskillende periodes





Vir hierdie ontleding is suiwer indeks prestasies gebruik - konserwatiewe portefeulje het 33% in aandele, gebalanseerde portefeulje het 50% blootstelling in aandele en ‘n groei portefeulje het 66% blootstelling in aandele met die balans van die portefeuljes gelykop verdeel tussen rentedraende effekte en kontant. Die saamgestelde impak van groeibate blootstelling (aandele) wys duidelik in die 5 en 10 jaar prestasies en dat dit oor die langer periodes inflasie beduidend uitpresteer.

Junie 2013 - Die Maand Wat Was

Hierdie is die breë riglyne van ‘n toespraak wat ek vroeg in Junie tydens die opening van die Noord-Kaap Rooivleisprodusente-organisasie se kongres gehou het.

Dit is baie moeilik om enige besluite op grond van vooruitskattings te maak – ons is baie swakker en minder akkuraat as dit kom by waar die Rand of Goudprys in die toekoms gaan verhandel as wat ons dink.

1. Daar is eenvoudig te veel veranderlikes om werklik met akkuraatheid te bepaal waarheen hierdie veranderlikes op pad is en hoe dit gaan uitspeel.

2. Selfs indien ons reg is oor wat met hierdie veranderlikes gaan gebeur, weet ons nie hoe mense (en markte) daarop gaan reageer nie. Die reaksie op veranderlikes is in baie gevalle op faktore wat nie noodwendig rasioneel en voorspelbaar was nie.

Daar is egter sekere langertermyntendense en kragte wat ons wel redelik seker is gaan gebeur en beslis die groter prentjie in die toekoms gaan beïnvloed – presies hoe en tot watter mate sal net die tyd ons leer.

Ek wil hierdie gesprek begin by die huidige samestelling van die wêreldbevolking en hoe hierdie samestelling besig is om te verander. Daar is tans net meer as 7 miljard mense in die wêreld (7,2 miljard volgens die jongste Verenigde Nasies syfers). Hierdie 7 miljard mense kan basies in drie breë groeperinge verdeel word:

1. Die baie arm 1 miljard mense wat in ‘n groot mate van hulpverlening en bystand afhanklik is. Hierdie armste deel van die samelewing het meer as halveer die afgelope paar dekades, beide in absolute terme en in die persentasie wat hierdie groep van die wêreldbevolking uitmaak. In die middel van die vorige eeu was hierdie armes meer as 2 miljard mense en ook nader aan 25% van die wêreldbevolking. Hierdie verligting van armoede is grootliks te danke aan die sowat 680 miljoen mense wat uit armoede gelig is deur die groei wat ons in China ervaar het, ‘n bewys dat werklike armoede-verligting baie meer met ekonomiese groei as herverdeling van welvaart en hulppakkette te doen het. Die meerderheid van hierdie baie arm mense woon in Afrika, Suid-Amerika, die Midde-Ooste en dele van Asië.

2. Die miljard mense wat te veel skuld het – hierdie mense bly meestal in die VSA en in Europa. Hierdie grootliks eerste wêreldkomponent gaan ‘n paar jaar neem, veral in die geval van Europa, om uit die skuld te kom en ook om weer volhoubare groei te toon. Die jongste data uit die VSA wys dat huishoudings besig is om terug op hul voete te kom soos die huismark optel en ook indiensnemingsyfers beter begin lyk. Die prentjie in Europa lyk egter of dit langer kan neem voordat ons kan sê dat Europa werklik terug op die voorvoet is.

3. Dan bly daar die 5 miljard mense tussen hierdie twee groepe. Hierdie 5 miljard mense is die deel van die wêreldbevolking wat tans die groei van die wêreld dryf en dit is hierdie 5 miljard wat my opgewonde maak.

Na my mening gaan hierdie 5 miljard mense die groei van die wêreld in die volgende dekades bepaal en ‘n steeds groter rol in die ontwikkeling van die wêreld speel. Hierdie 5 miljard mense het twee faktore in gemeen en dit is twee faktore wat ons nog nooit in die wêreld in so mate beleef het nie:

1. **Kommunikasie** – hierdie 5 miljard mense het toegang tot kommunikasiemiddele, veral deur middel van selfone, tablette en rekenaars om met mense regoor die wêreld te kan kommunikeer. Hierdie

toegang tot inligting en kommunikasie maak dat hierdie mense toegang kry tot nuus en informasie, maar ook dat hierdie miljarde mense boodskappe aan die res van die wêreld kan oordra.

2. **Ideologie** -hierdie 5 miljard mense het nie werklik enige rigiede ideologie waarin hulle glo nie en heg waarde aan die reg om hul eie lot te bepaal. Hierdie mense se grootste behoefte is om 'n beter lewe te skep vir hulself en 'n beter wêreld vir hul kinders en die toekoms van hul kinders.

Om hierdie argument verder te neem - die verwagting is dat die wêreldbevolking in die volgende dekades gaan groei na nader aan 9 miljard mense. Hierdie addisionele 2 miljard mense gaan almal by die 5 miljard in die middel (met kommunikasietoegang en wat hunker na 'n beter lewe) getel word wat beteken dat hierdie middelsegment gaan groei van 5 miljard mense tot 7 miljard mense.

Die vraag is hoe hierdie onderliggende tendense die wêreld gaan verander?

Wat wel reeds aan die gebeur is en wat gaan versnel, is dat al meer mense in groot stede gaan bly en van hulpbronne buite hul omgewings afhanklik gaan wees.

Een van die grootste sektore wat voordeel hieruit gaan trek, is die landbousektor – eenvoudig omdat die meeste mense in 'n stedelike omgewing gaan bly wat van kos uit die landbousektor voorsien moet word. As mens bogenoemde verder ontleed - 50 jaar gelede moes elke hektaar landbougrond vir tussen 2 en 3 mense van kos voorsien. Vandag moet elke hektaar landbougrond vir tussen 4 en 5 mense van kos voorsien en dus, in die middel van die huidige eeu, sal elke hektaar landbougrond vir tussen 6 en 7 mense van kos moet voorsien.

Gegewe hierdie agtergrond gaan kapitaal skuif na industrieë wat hierdie demografiese veranderlikes moet akkommodeer. In hierdie geval is die gedrag van kapitaal presies soos die gedrag van diere – die kapitaal gaan eenvoudig beweeg na die groen (beter opbrengs) gras en wegbeweeg van die ouer (laer groei) gras. Hierdie migrasie na opbrengs en groei is reeds aan die gang en gaan vir die volgende dekades in plek bly.

Hierdeur impliseer ek geensins die einde van die VSA of Europa nie, my argument is dat die tendens van sterker groei deur ander dele van die wêreld gedryf gaan word en dat hierdie groei tot voordeel van die hele wêreld gaan wees. Net soos McDonalds, Microsoft, of Coca-Cola nie net suiwer afhanklik is van groei in die VSA nie, net so gaan die groei in China en Indië tot voordeel van die res van wêreld wees.

Mense vra my gereeld waar hulle die "7 Goue Reëls vir Sukses", soos saamgevat uit my gesprekke met sakeleiers, kan kry. Iindien jy ook daarna wil kyk, volg hierdie YouTube skakel na die "7 Goue Reëls vir Sukses" soos op Dagbreek uitgesaai: http://youtu.be/iJrtDI8QV34

Julle is almal welkom om die aanbieding, IS FINANCIAL SECURITY POSSIBLE IN CHANGING TIMES?, wat ten bate van liefdadigheid aangebied word by te woon. My kollega Warren Ingram se pas vrygestelde boek, "Become your own Financial Advisor", sal ook by die aanbieding beskikbaar wees. Meer inligting oor die aanbieding in die uitnodiging hieronder.

Wits Paediatric Fund
Caring for the sick children of Johannesburg

Is financial security possible in changing times?

Join us to

"Ask the experts"

In a panel discussion

This is also the launch of
Warren's book

Become your Own Financial Advisor

which will be on sale
All proceeds go to charity

When: Friday, 2 August 2013
Time: 07:30
Where: Country Club Johannesburg
Auckland Park
Cost: R250pp (includes breakfast)

Bruce Whitfield
702 Money Show

Theo Vorster
Sakegesprek - Kyknet

Warren Ingram
Galileo Capital

RSVP
Daynia Ballot | 086-553-4650
bdaynia@gmail.com
By no later than 26 July 2013

Die boek "***Sakegesprek met Theo Vorster – sleutels tot sukses van ons top sakelui***" is nou beskikbaar by toonaangewende boekhandelaars en ook in elektroniese formaat by onder andere Amazon, Nook, Kobo en Kalahari.

Ons het 'n funksie geskep op die Sakegesprek webbladsy waardeur die boek bestel kan word deur na www.sakegesprek.co.za te gaan en dan die "boek" skakel te volg.

In die Sakegespek boek poog ek om vir lesers 'n blik te gee op elkeen van die 38 sakeleiers met wie ek die afgelope 2 jaar gesels het en om elkeen se eie suksesverhaal in sy / haar eie woorde weer te gee. Ek gee my eie opmerkings en opinies rondom die onderhoude en probeer om kernbeginsels uit te lig waaroor die sakeleiers sterk voel - onder andere oor sakeleierskap, sukses en gesonde bestuursbeginsels.

Ek hoop lesers geniet die boek net soveel soos ek dit geniet het om met die sakeleiers onderhoude te voer en die boek saam te stel.

Indien lesers enige voorstelle het wat onderwerpe of gaste betref, stuur gerus 'n e-pos aan: Theo@sakegesprek.co.za of volg Theo op Twitter @sakegesprek.

> ***Lesers is welkom om hierdie Sakegesprek nuusbrief aan te stuur. Om by die maandelikse nuusbrief databasis gevoeg te word, besoek gerus die Sakegesprek webbladsy en registreer op die nuusbrief skakel of stuur 'n e-pos aan: nuusbrief@sakegesprek.co.za.***

Mooi loop!

Theo Vorster

Theo@sakegesprek.co.za

Volg ons op TWITTER

Volg ons op twitter @sakegesprek vir program opdaterings en interessante beleggings- en sakenuus

Theo het in 2010 kykNET genader met die konsep om 'n trots Suid-Afrikaanse sakeprogram saam te stel wat die prestasie van sakeleiers uitlig en wat sakeleiers die geleentheid gee om hul eie suksesverhaal met die kykers te deel – kykNET het die konsep en die program uit die staanspoor heelhartig ondersteun. In die afgelope 3 reekse is daar met 38 sakeleiers gesels.
Theo is 'n stigter en uitvoerende hoof van Galileo Capital, 'n finansiële dienste maatskappy wat spesialiseer in finansiële beplanning en welvaartbestuur (www.galileocapital.co.za). Warren Ingram, wat aan die hoof staan van Galileo Capital se welvaartbestuurs afdeling, was Suid Afrika se 2011 finansiële beplanner van die jaar. Vir enige voorstelle of vrae, kontak Theo gerus by: Theo@galileocapital.co.za.